

Ons Haantjie

Nr 129

Feb 2017

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond

Wingerd 205
Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
Villiersdorp
6848

Tel: 028 840 0113

www.henning.org

E-pos: olie4@henning.org

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

Die Schweizer-Reneke Hennings



b6.c1.d3.e5.f1. Joseph Jooste Henning *15-5-1882 (links) en sy vrou Andrisina Gertruida (Sienie)(gebore **Coetsee**) *Jun 1886 (heel regs), saam met sy broer Barend Jacobus *30-4-1884 (f2) en sy vrou Johanna Marthina (gebore **Coetsee**)*27-4-1888. Let op die verskillende spellings van die twee vrouens se vanne Hierdie verhaal gaan oor laasgenoemde twee

Enkele maande gelede ontvang ons 'n E-Pos van 'n Johannie Mocke van Toowoomba, Australië. Syself was 'n nooi Jordaans, maar haar ma was 'n nooi Henning wat in Schweizer-Reneke groot geword het – b6.c1.d3.e5.f2.g7. Johanna Martina Henning, gebore 26 Maart 1926 – en Johannie wil ook graag die Haantjie gereeld ontvang.

Johannie en haar man Douglas Mocke is die ouers van twee pragtige dogters, Monique en Michelle. Hierdie gesin het gedurende Oktober 1998 na Warner, Brisbane, Australië verhuis, waar Douglas reeds vir 'n jaar lank gewerk het. Gedurende 2007 verhuis hulle na Toowoomba en intussen is die twee dogters ook reeds getroud. Hulle het voor hulle emigrasie in Pretoria gebly.

Johannie is vernoem na haar ma en haar ouma Henning. Sy en haar ouma se doopname was Johanna Marthina, terwyl haar ma se name Johanna Martina gespel is. Johannie kon vir ons nie net baie genealogiese gegewens van haar ma en dié se broers en susters voorsien nie, maar ook

verskeie waardevolle geskiedkundige foto's en aangrypende verhale van haar Henning voorsate.

Ons begin hierdie familie se verhaal by Johannie se oupa, b6.c1.d3.e5.f2. Barend Jacobus Henning *30-4-1884.

Barend Jacobus Henning word gebore op sy ouers se plaas, Heuningkrans in die distrik Albert (Burgersdorp). Lees gerus die volledige verhaal van Barend Henning se ouers, Joseph Jooste Henning *1862 en sy vrou Gertruida Susanna [gebore De Klerk] in die Familiekroniek. Toe sy ouers en meeste van hul kinders in 1905 na Argentinië emigreer, bly Barend en sy ouer broer, Joseph Jooste (foto op eerste bladsy) in Suid-Afrika agter.

Hy trou op 8 Januarie 1906 in Burgersdorp met Johanna Marthina Coetsee *1888 en bekom ongeveer dieselfde tyd die plaas Knapdaar in die Burgersdorp distrik. Sewe van hulle agt kinders word op die plaas Knapdaar gebore. Sy liewe vrou, Johanna ontval hom gedurende 1939 en hy besluit hierna om na Schweizer-Reneke te verhuis, waar hy die plaas Boomplaas koop.



Die huis op die plaas, Boomplaas, distrik Schweizer-Reneke, waar Barend Jacobus Henning *30-4-1884 en sy gesin gewoon het. Hy het gereeld Sondae op die stoep van hierdie huis vir die plaaswerkers kerk gehou

Hy raak bevriend met die weduwee Martha Rebecca Hand (gebore Van Zyl) *9-3-1897 en hulle trou gedurende die vroeë 1940's op Schweizer-Reneke. Vir hulle word daar op 26 Februarie 1943 'n babaseuntjie, Pieter Hendrik gebore.

Barend Henning was 'n gesiene vee- en graanboer van die omgewing en reisigers het dikwels op sy plaas kom oornag. Hy het gereeld boeke gevat en Sondae kerk gehou vir die plaaswerkers, waartydens almal op die stoep moes kom sit en luister. Hy het ook aan hulle nagmaal bedien.

Daar was ryk fosfor-riwwe op die plaas, wat in die nag gegloei het. Die swart mense het geglo dat dit spoke was.

Barend Henning sterf op 30 Maart 1951 en is in die plaasbegravingplaas op Boomplaas, Schweizer-Reneke begrawe.



Die skoolbus waarmee al die Henning kinders na die skool op Schweizer-Reneke vervoer is. Mens kan jou indink wat se katekwaad op so 'n bus plaasgevind het

Johanna Martina Henning, gebore 26 Maart 1926 was Barend Jacobus - en Johanna Marthina Henning se sewende kind. Hoewel sy ook te Burgersdorp gebore is, word sy groot op hulle plaas Boomplaas, in die Schweizer-Reneke distrik — die plaas wat sy hartstogtelik liefgehad het. Hier kon sy perdry en alles doen wat 'n lewenslustige plaaskind wou doen.



Johanna Henning *1926 op haar ryperd. Die foto wat Gert Jordaan laat besef het dat sy sy trou-meisie moet word

Twee van Johanna se ouer broers, Barend Jacobus (g4) en Louis Johannes (g6) het op skool in Schweizer-Reneke 'n vriend, Gert Johan Daniël Jordaan gehad. Johanna was vyf jaar jonger as Gert Jordaan en sy het hierdie vriend van haar broers geken. Hulle was immers in dieselfde skool. Gert Jordaan is gebore en het groot geword te Goedehoop, distrik Schweizer-Reneke, naby Bloemhof.

Haar twee broers en Gert Jordaan het met verloop van tyd in Pretoria gaan werk. Hierdie drie vriende het in dieselfde omgewing geloseer. Louis Henning het 'n foto van sy jonger suster, wat as 'n sestienjarige meisie op 'n perd gesit het, in sy kamer gehad. Gert Jordaan het hierdie foto gesien en onthou dat dit die klein dogtertjie was, wat in dieselfde skool as hy was. Hy het lank na hierdie foto gestaar en kon nie glo dat daardie klein dogtertjie in so 'n pragtige meisie kon ontwikkel nie. Hy

het daar en dan tot die gevolgtrekking gekom dat hy graag met hierdie pragtige meisie sou wou trou.



Gert Jordaan en Johanna Henning op 31 Augustus 1946 op die trappe van die Landdroshof, Durban, net nadat hulle daár, die eerste keer, getrou het

Nie lank daarna het Johanna vir haar broers in Pretoria kom kuier en het toe ook weer vir Gert Jordaan ontmoet. Daar en dan het 'n verhouding tussen die twee jongmense ontwikkel. Hulle was baie verlief.

Gert Jordaan het 'n rukkie later 'n werk in Durban by die Colenso Kragstasie aanvaar. Hy het egter baie verlang na sy liewe vriendin, Johanna Henning. Hy het vir haar geskryf om met die trein vir hom te kom kuier. Die trein het op 31 Augustus 1946 in Durban aangekom. Hulle het dieselfde dag met 'n spesiale lisensie in die landdroshof getrou. Die naweek daarna is hulle egter weer in die kerk getroud.

Die klimaat in Durban het ongelukkig nie met Johanna geakkordeer nie en sy het ernstige asma-aanvalle gekry. Na mediese advies was hulle verplig om weg te trek en het hulle terug getrek Pretoria toe. Hulle het hul teen die hange van die Magaliesberg gevestig. Gert is op 20 Desember 1956 aangestel as

Adjunk Geregsbode vir die

Landdrostrik Pretoria. Hy het hierdie werk gedoen tot en met sy aftrede. Na sy aftrede stig hy sy eie besigheid as Balju vir die Pretoria Landdros. Talle prokureurs het hom gereeld genader vir advies, weens sy breë wetskennis.

Gert Jordaan was 'n familieman, met diep Christelike waardes. Hy het



Gert Jordaan *1921 en sy vrou Johanna (gebore Henning) *1926 met hul vier kinders, v.l.n.r. Gerrie (*1947; Pieter *1964; Ben *1950 en Johann*1957

egter altyd ‘n grappie in die mou gehad. Die egpaar het vier kinders: Gert Johan Daniël (Gerrie) Jordaan *Durban 3-12-1947; Barend Jacobus (Ben) Jordaan *Durban 26-1-1950; Johanna Marthina (Johannie) Jordaan *Pretoria 17-1-1957 en Pieter Adriaan Gouws (Pieter) Jordaan *Pretoria 17-3-1964.

Gert Johan Daniël Jordaan en sy vrou, Johanna Martina (gebore Henning) was 64 jaar lank getroud toe sy op 24 April 2011 oorlede is. Hyself sterf op 22 Februarie 2013 te Pretoria.

Geskiedkundige foto's



b7.c2.d3. Gert Frans Johannes Henning *8-8-1843 en sy seuntjie, Marthinus Christoffel (e4) *14-1-1873. Afgesien van die Martini-Henry geweer waarom ons in die artikel berig, lyk die wynbottel baie na ‘n baie goeie Groot Constantia rooiwijn (grappie)

In Nuusbrief 127 van Augustus 2016 het ons vertel van die Anglo-Boere-oorlog medalje van b5.c5.d8.e2 Gert Frans Henning wat in die militêre memorabilia versameling van b7.c2.d3.e4.f3.g2. Marthinus Christoffel Henning *15-11-1963 van Welkom is.

Dieselfde Marthinus Henning het nou vir ons drie ou foto's van sy oupagrootjie, Gert Frans Johannes Henning *8-8-1843, sy oupa Martinus Christoffel *14-1-1873 en sy oupa se broer Gert Alwyn Johannes Smit Henning *15-12-1878 gestuur. Hoewel ons foto's van al drie hierdie manne het, bring hierdie foto's ‘n ander faset van hulle lewens uit.

Die eerste foto vertoon Marthinus se oupagrootjie, b7.c2.d3. Gert Frans Johannes Henning *8-8-1843 wat sy seuntjie, Marthinus Christoffel (e4) *14-1-1873 vashou. Dit lyk of die kleine Marthinus ongeveer 18 maande tot twee jaar oud kan wees. As dit so is, is die foto ongeveer 1874/75 geneem. Die geweer wat Gert vashou, is ‘n Martini-Henri. Marthinus vertel dat sy oupagrootjie met hierdie geweer in die Anglo-Boere-oorlog (ABO) begin veg het. Hy het egter spoedig ‘n Mauser geweer

bekom en die Martini-Henri daarna in seile toegedraai en in ‘n klipskeur in die berge naby Ladybrand versteek. Na die oorlog het hy weer sy geweer uit die klipskeur gaan haal.

Marthinus is oortuig dat hierdie Martini-Henri van sy oupagrootjie, dieselfde geweer is wat deesdae in sy besit is. Hy is natuurlik ‘n versamelaar van militêre memorabilia. Hy weet vir ‘n feit dat die geweer in sy besit, aan sy oupa behoort het, maar hy spekuleer dat dit ook sy oupagrootjie s'n was. Sy pa se ouer suster (Janet b7.c2.d3.e4.f2.) het vir hom vertel dat die

geweer wel oorspronklik aan haar oupa (Gert Frans Johannes) behoort het. Die Martini-Henri wat in Marthinus se besit is, is in 1872 vervaardig en dit is een van die eerstes. Die eerste Martini-Henri's is in 1871 uitgebring. Die geweer op die foto (wat ongeveer 1874/75 geneem is), lyk nog in 'n baie goeie toestand. Hy moes dit dus in alle waarskynlikheid in die vorige jaar of twee bekom het, wat mens bring by die datum van vervaardiging van die geweer in Marthinus se besit. Op grond van hierdie berekeninge is Marthinus oortuig dat sy geweer en die geweer op die foto een en dieselfde een is.

Marthinus skiet gereeld nog met hom. Hy is lid van die SAWAVV-Vrijstaattak (Suider-Afrikaanse Wapen en Ammunisie Versamelaarsvereniging). Hulle herdenk elke maand een of ander veldslag uit die verlede en dan moet die wapen waarmee jy kom skiet, uit daardie periode dateer. Lede trek gewoonlik dan ook uniforms aan van daardie era en veldslag. Marthinus skiet gewoonlik met die Martini-Henri wanneer hulle in Februarie die Slag van Majuba herdenk. Wapens tot en met 1881 mag dan gebruik word. Verder skiet hy ook tydens die twee ABO herdenkings met dié geweer. In Mei tydens die "Bitter-einde skiet" en dan weer in Oktober met die "Ultimatum skiet". Hier kan wapens tot en met 1902 gebruik word.

Patrone is natuurlik lankal nie meer beskikbaar nie. Hulle moet dus maar self herlaai. Hulle gebruik gedraaide brass doppe en giet die punte self en laai met swart kruut. Marthinus ervaar elkeen van hierdie uitstappies as 'n baie lekker "breinskoonmaker".

Die ander twee foto's wat Marthinus vir ons gestuur het, is van sy oupa se jonger broer, b7.c2.d3.e8. Gert Alwyn Johannes Smit Henning *15-12-1878, wie se noemnaam John was. Die een is geneem met John se troue met Johanna Francina van der Merwe *3-4-1870 en die tweede net van homself.



Bo: b7.c2.d3.e8. Gert Alwyn Johannes Smit Henning *15-12-1878 en sy bruid, Johanna Francina (gebore Van der Merwe) *1870

Onder: Gert Henning of John, soos hy genoem is



Interessante Uitdrukkings in die Volksmond oor Hoenderhane

Interessante uitdrukkings in die volksmond loop soos ‘n goue draad deur die geskiedenis van die mensdom. Baie van hierdie uitdrukkings loop met verloop van tyd dood, raak vergete, of word met verloop van tyd verkeerd verstaan. Ander uitdrukkings bly voortleef – soms net in ‘n nuwe gedaante. Vir my, as ‘n Henning, is uitdrukkings oor hoenderhane baie interessant, weens die verbintenis wat ons van met ‘n hoenderhaan het en ek hoop dat ons lesers hierdie bydrae interessant sal vind.


Ek wil graag twee interessante uitdrukkings in die volksmond oor hoenderhane in hierdie artikel behandel, nl hoe die naam Henning sewe honderd jaar gelede ontstaan het en tweedens die haan waarna Jesus verwys het, toe hy vir die apostel Petrus gesê het dat hy hom sou verrai.

1. Ek wil begin met ons eie van, Henning wat as ‘n bynaam, ontstaan het. Baie Afrikaanssprekende Henning’s het gedink dat die woord iets te doen gehad het met ‘n hoenderhen, maar my navorsing het bewys dat hierdie hen inderwaarheid ‘n haan was. Meeste van ons lesers het sekerlik reeds hierdie storie in die Henning Familiiekroniek gelees, maar terwille van volledigheid herhaal ek die belangrikste dele.

Teen die einde van die dertiende eeu het ‘n man, met die naam Johannes, in die omgewing van die dorp Stralsund, aan die Baltiese see gewoon. In daardie jare het die mense van hierdie streke om die Baltiese see ‘n eie taal of dialek gehad. In hierdie dialek was ‘n manlike hoender (hoenderhaan) ‘n “hen” terwyl ‘n vroulike hoender (‘n hen) “henne” genoem is.

Johannes het ‘n seuntjie gehad wat ook Johannes gedoop is. Hierdie seuntjie was “op-en-wakker”, ‘n besige mannetjie en onverskrokke – ‘n regte kapokhaantjie! Sy pa het hom dus die bynaam “henning” gegee. In hulle taal het dit “Haantjie” beteken. Oor die eeue heen het die oorsprong en betekenis van hierdie woord begin vervaag. Nou, sewe honderd jaar later, kon ons gelukkig weer die oorspronklike betekenis opspoor.

2. Die radiostasie, Pretoria FM bied Sondagoggende ‘n program, “Bybelse Argeologie” aan wat deur Ds Neels van Tonder behartig word. Een van Ds Van



Tonder se praatjies gedurende November 2016 het gehandel oor Petrus wat Jesus drie keer sou verrai voordat die haan sou kraai.

Ds Van Tonder se praatjie oor die apostel Petrus wat Jesus drie keer sou verrai voordat die haan sou kraai, het net so 'n interessante resultaat opgelewer. In Mattheus 26, vers 34 (asook Markus 14, vers 30) lees ons die volgende: Toe sê Jesus vir hom : “Dit verseker ek jou: Vannag nog, voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën”.

So lank as wat die Bybel bestaan, het mense van alle tale wat die Bybel lees, aanvaar dat Jesus van 'n hoenderhaan gepraat het. As mens egter hierdie uitspraak van Jesus onleed, is daar 'n paar dinge wat nie klop nie. Daar word duidelik gesê dat dit nag was en ons weet dat hoenderhane nie maklik in die nag kraai nie – hulle slaap! Tweedens het navorsers van die lewenswyse van die Jode in die dae van Jesus eers onlangs tot die gevolgtrekking gekom dat hoenders in daardie dae nie in dorpe toegelaat is nie. Hulle is nie as huisdiere beskou nie. Mattheus 26 dui ook duidelik aan dat Jesus en sy dissipels besig was om die Paasmaaltyd in 'n stad te nuttig.

Die vraag ontstaan onmiddelik: Van wat se haan het Jesus dan gepraat? Die navorsers het nou eers tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie haan onderwaarheid 'n mens was. By alle sinagoges was daar altyd 'n Rabbi (of 'n ander funksionaris) wat op bepaalde tye van die dag op die dak van die sinagoge geklim en hard 'n boodskap uitgeroep het — presies soos wat vandag nog by alle Moslem moskees gebeur. Hierdie persoon het in die volksmond bekend gestaan as die haan wat kraai. Wat belangrik is, is dat Jesus presies geweet het wanneer hierdie haan weer gaan kraai. Hy het dus nie geraai nie, wat die geval sou gewees het as hy van 'n hoenderhaan gepraat het. Dit wys net hoe maklik 'n uitdrukking in die volksmond met verloop van tyd verkeerd verstaan kan word.

Sterftes

b6.c1.d1.e9.f4.g1.h3. Frank Henning *21-12-1951 was die derde van vier kinders van Willem Nicolaas Henning *26-11-1921 en sy vrou Elizabeth (gebore Holm) *24-5-1925. Hy word gebore in die Verre-Oosrandhospitaal tussen Brakpan en Springs. Hy was op laerskool by die Brakpan-Oos Laerskool en daarna by die Hoër Tegnieseskool, Brakpan. Sy eerste werk was by Shoprite in Brakpan as stoorman. Hier werk hy 'n hele paar jaar lank, maar studeer deelyds meganiese ingenieurswese. Na Shoprite werk hy vir 'n paar jaar by Temsa in Springs en aanvaar daarna 'n pos by Alcatel, Altech Telecoms,

b6.c1.d1.e9.f4.g1.h3. Frank Henning *21 Desember 1951 wat op 17 Februarie 2016 te Barberton oorlede is



waar hy vyftien jaar lank as produksiebestuurder werk. In 2001 kry hy 'n geleentheid om 'n hidroliese besigheid te Barberton te begin.

Gedurende Desember 1978 tree Frank in die huwelik met Anette Susan Pretorius. Die huwelik word voltrek in Boksburg, deur Ds Japie Venter van die Gereformeerde Kerk Brakpan terwyl die gesin op Brakpan woon. Na Frank se pa se dood, het sy ma, Elizabeth by hulle kom woon. Toe Frank die skuif maak Barberton toe, trek sy ma saam en hy bou vir haar 'n woonstel in die agterplaas. Sy liewe vrou Anet sterf egter die jaar na hulle in Barberton aangekom het op 3 Februarie 2002. Frank en sy seun Heinrich bly daarna alleen agter in hulle huis, met ouma Elizabeth wat in die woonstel woon. Ouma Elizabeth sterf daarna op 8 September 2015. Sy was 90 jaar en drie maande oud.

Intussen het Frank se seun, Heinrich elke dag na skool, asook vakansies sy pa begin help en ook geleer van die besigheid.

'n Paar maande na sy ma se dood word Frank met beenmurgkanker gediagnoseer en hy sterf tragies op 17 Februarie 2016.

Die familiebesigheid gaan nog steeds goed aan nadat Frank dit sowat 16 jaar gelede begin het. Heinrich het in 2014 voltjds aangesluit nadat hy sy graad in bemerking verwerf het. Heinrich en sy vrou woon sedert 2015 in Barberton nadat hulle verhuis het vanaf Nelspruit (50km van Barberton) juis om nader aan die besigheid te wees. Hulle het darem die voorreg gehad om hul dogtertjie, Marcelle vir amper die eerste jaar van haar lewe te kon deel met haar Oupa.

Heinrich beskryf sy pa as volg: "Om my Pa kortliks op te som sal ek sê dat hy baie liefde en respek gehad vir my ouma en vir my ma. Daar is niks wat hy nie vir hulle sou doen nie. Hy was 'n baie hardwerkende en eerlike mens, by die werk sowel as by die huis. Hy was baie lief vir tuinmaak - veral roosbome. Dan was hy ook 'n baie goeie leier met 'n sterk persoonlikheid. Hy was 'n baie maklike mens om mee oor die weg te kom. Mens het altyd geweet waar jy met hom staan. Die heel belangrikste: hy was die beste pa en ook oupa waarvoor enige iemand kon vra.

Geldsake

Die Henning Familiebond kan slegs oorleef as ons finansiëel onafhanklik is. Daarom maak ons staat op vrywillige bydraes deur ons lede en ons is trots om te sê dat die Henning familie 'n oop hand het. Die familiebond kon in die 33 jaar van sy bestaan nog altyd sy verpligtinge nakom.

Ons het nog altyd staatgemaak op lede wat een keer per jaar 'n vrywillige bydrae maak. Met verloop



van tyd het ons begin om die suggestie by ons lede te laat om dit te oorweeg om eerder maandeliks ‘n klein bekostigbare bedraggie van so min as R20.00 per maand by te dra, eerder as een groter bedrag jaarliks. Ons is dankbaar om te berig dat verskeie lede hierna begin het om ons suggestie toe te pas en daar is selfs van hierdie lede wat ruimskoots op hierdie wyse bydra. Dit is van onskatbare waarde vir die familiebond.

Baie dankie dus aan die volgende lede wat maandeliks bydra:

- Jan Andries Henning en sy vrou Cornelia van Leraatsfontein, Witbank;
- Jan Hendrik Henning en sy vrou Nicolina van Glenstantia, Pretoria;
- Past Antonie Henning en sy vrou Nellie van Wonderboom-Suid, Pretoria;
- Pieter Hendrik Henning en sy vrou Anna van Durbanville;
- Runa en Sauer van Straaten van Doringkloof, Centurion;
- Gesina en Mathys Spangenberg van Swakopmund, Namibië;
- Pieter Jacobus Stefanus Henning van Ramsgate.

Soos gewoonlik bedank ons ook al die ander lede wat eenmalige bydraes maak en verwys graag na diegene wat bedrae van R300.00 of meer bygedra het:

- Ds Bjarne Fowels van Hjelmeland, Noorweë R1657.55 nadat bankkoste vir die buitelandse oordrag afgetrek is.
- J C (Jack) Henning en sy vrou Anna van Hartenbos — R300.00
- J S M (Jan) Henning en sy vrou Maria van Lyttelton-Manor, Centurion — R350.00
- Heinrich Henning van Barberton, namens sy pa Frank Henning, oor wie se dood ons ook in hierdie nuusbrieff berig — R360.00
- Dr P A (Philip) Henning en sy vrou, Anna van Langebaan — R300.00
- J G (Gerhard) Henning en sy vrou Dorie van Mafekeng — R500.00

Ons het reeds gedurende November 2016 al ons lede verwittig dat ons van bankiers verander het. Die familiebond se bankrekening besonderhede is nou as volg: FNB (First National Bank) Villiersdorp (tak 200 712); Rekeningnaam – Henning Familiebond; Rekeningnr – 6265 7601 483. Gebruik asseblief u voorletters en van, asook u lidnommer as verwysing. Dit sal waardeer word as alle bydraes voortaan in hierdie rekening gedeponeer word

Ons gaan die ou rekening by ABSA Bank vir nog ‘n paar maande oophou, totdat dit duidelik is dat almal kennis geneem het van die verandering.